# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing**

**Kernboodskappe**

Ten einde goed te vaar in **Oefening 1** moes leerders:

- die teks met begrip lees
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word
- inligting in die teks identifiseer, en
- die vrae verstaanbaar, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 2** moes leerders:

- die teks met begrip lees
- verstaan wat van hulle verwag word, en
- inligting uit die teks akkuraat en doeltreffend op die vorm oordra.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 3 en 4** moes leerders:

- die teks met begrip lees
- die opdragte verstaan
- relevante inligting in die teks identifiseer
- bondige aantekeninge onder gegewe hofies maak (**Oefening 3**)
- inligting oor ’n aspek van die teks opsom (**Oefening 4**), en
- die opsomming in een paragraaf van hoogstens 80 woorde en hoofsaaklik in hulle eie woorde skryf (**Oefening 4**).

Ten einde goed te vaar in **Oefening 5 en 7** moes leerders:

- die opdrag verstaan
- sinvol en doeltreffend op die opdrag reageer
- hulle verstaanbaar en doeltreffend in Afrikaans uitdruk
- punktuasie, sinne en paragrawe doeltreffend gebruik
- die drie aspekte van die opdrag in hulle brief dek (**Oefening 5**)
- hulle mening van die gegewe onderwerp bespreek (**Oefening 7**), en
- die gepaste toon en formaat vir hulle skryfstuk gebruik.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 6** moes leerders:

- die teks met begrip lees
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word
- die toepaslike inligting in die teks identifiseer
- (slegs) die relevante inligting in hulle antwoorde verskaf
- antwoorde gee wat sinvol op die vrae volg, en
- die vrae duidelik, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.


https://xtremepape.rs/
© 2023

## Algemene kommentaar

### Oefening 1

Dit is ’n begripsoefening waarin leerders se soekleesvaardighede aan die hand van ’n kort teks getoets word. Hulle beantwoord die vrae in enkele woorde of sinsdele.

### Oefening 2

Hierdie oefening fokus op die oordra van inligting. Leerders gebruik inligting uit ’n gegewe teks om ’n vorm in te vul. Enkele woorde, sinsdele en soms ’n volsin word ingevul.

### Oefening 3

Leerders gebruik inligting uit ’n gegewe teks om aantekeninge onder opskrifte te maak.

### Oefening 4

Leerders maak ’n opsomming van een paragraaf van ongeveer 80 woorde oor ’n aspek van dieselfde teks wat in **Oefening 3** gebruik is.

### Oefening 5

Leerders skryf ’n vriendskaplike brief van 150 tot 200 woorde gebaseer op ’n onderwerp met drie spesifieke riglyne.

### Oefening 6

In hierdie leesbegrip beantwoord leerders kortvrae oor ’n teks. Die vrae word hoofsaaklik in volsinne beantwoord.

### Oefening 7

Leerders skryf ’n artikel van 200 tot 250 woorde vir die skoolkoerant. Hulle gee hulle eie mening oor ’n onderwerp nadat hulle na ses menings oor die onderwerp gekyk het.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### Oefening 1

#### Vraag 1

- Die meeste leerders het hierdie vraag reg beantwoord. Al wat nodig was, was om ‘klippies of sade’ te skryf.
- Omdat die sinsdeel ‘klippies of sade’ in die teks voorkom, is daar verwag dat leerders die woorde korrek moes spel.
- Diegene wat die vraag in ’n volsin beantwoord het (wat onnodig was), het wel die punt gekry.

#### Vraag 2

- Alhoewel baie leerders die vraag korrek beantwoord het deur ‘rye gaatjies’ te skryf, het sommige die punt verbeur omdat hulle slegs na die gaatjies in plaas van die rye gaatjies verwys het.
- Leerders wat na die ‘nommer/nomer van’ (in plaas van ‘getal’) gaatjies verwys het, het die punt verbeur omdat ‘nommer’ se Afrikaanse betekenis nie in hierdie konteks pas nie.

#### Vraag 3

- Alhoewel die meeste leerders goed in hierdie vraag gevaar het, het sommige die punt verbeur deur die naam van morabaraba se weergawe in Europa (meulespel) as antwoord te gee.
- Omdat ‘morabaraba’ ’n moeilike woord is, is leerders nie gepenaliseer as hulle dit effens verkeerd gespel het nie.


© 2023
https://xtremepape.rs/

**Vraag 4**

- Hierdie vraag het getoets of leerders slegs die korrekte antwoord in ’n sin kon identifiseer.
- Talle leerders het die vraag reg beantwoord, maar diegene wat die hele sin waarin die antwoord voorkom, neergeskryf het (‘Die doel is om rye van drie koeie te vorm om een van die opponent se koeie te skiet.’), het die punt verbeur – die vraag was nie oor die doel van die spel nie, maar oor wat gebeur as iemand wel drie rye koeie vorm.
- Leerders wat ‘koeie/koei’ en ‘skiet’ verkeerd gespel het, het die punt verbeur, weer eens omdat die woorde duidelik in die teks voorkom.

**Vraag 5**

- In hierdie vraag moes leerders inligting uit twee van die drie paragrawe gebruik.
- Daar was twee voorvereistes vir die korrekte beantwoording van hierdie vraag: Leerders moes die woord ‘ooreenkomste’ verstaan, en hulle moes besef dat daar twee stukkies inligting in die sinsdeel ‘grafte in Egipte’ was, naamlik ‘grafte’ en ‘Egipte’.
- Leerders wat by **5(i)** ‘grafte in Egipte’ geskryf het en dan ’n ander (verkeerde) antwoord by **5(ii)**, het slegs een punt vir **5(i)** gekry. Teoreties sou hulle twee punte vir ‘grafte in Egipte’ kon kry indien hulle nie daarna ’n verkeerde antwoord gegee het nie – die verkeerde antwoord maak die tweede punt van die eerste antwoord ongeldig.
- Leerders moet daaraan herinner word dat hulle antwoord logies op die vraag moet volg – ‘in Egipte <u>gespeel</u>’ in plaas van ‘Egipte’ of ‘in Egipte gevind’ was dus verkeerd.

**Vraag 6**

- In hierdie vraag moes leerders weer inligting uit twee van die paragrawe gebruik. Die meeste het albei vrae korrek beantwoord.
- Sommige leerders het die punt by **6(ii)** verbeur deur iets soos ‘en op jou selfoon af te laai’ ná die regte antwoord te skryf, wat veroorsaak het dat die vraag nie reg beantwoord is nie – die onnodige inligting het die regte antwoord ongeldig gemaak.
- Geen punt is toegeken indien leerders ‘mark/markte’ en/of ‘aanlyn’ verkeerd gespel het nie.
- ’n Klein aantal leerders het die vraag nie verstaan nie en onvanpaste antwoorde verskaf.

**Algemene kommentaar**

- Leerders moet die vrae deeglik lees sodat hulle akkurate antwoorde kan skryf.
- Hulle moet hulle elke keer afvra of die antwoord wat hulle neerskryf werklik die vraag beantwoord.
- Let Wel: Hulle moet herinner word dat die antwoord logies op die vraag moet volg: Sommige leerders verbeur punte deur hele sinsdele of sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Hierdie tegniek lei dikwels daartoe dat ’n antwoord ongeldig is omdat die onnodige inligting veroorsaak dat die vraag nie doeltreffend beantwoord word nie.
- Leerders moet slegs die nodige inligting in die antwoorde verskaf. Onnodige inligting in ’n antwoord dui op ’n gebrek aan begrip van die vraag. Dit kan ook daartoe lei dat ’n antwoord ongeldig raak omdat die ekstra inligting die antwoord se fokus verander.
- Leerders moet aandag gee aan spelling. Daar word verwag dat hulle woorde wat in die teks voorkom, korrek moet spel. Indien die verkeerde spelling van ’n woord daartoe lei dat hulle inderwaarheid ’n heeltemal ander woord neerskryf (bv. ‘sand’ in plaas van ‘sade’ in **Vraag 1**), sal hulle die punt verbeur.
- Leerders moet herinner word dat hulle kort antwoorde mag (en verkieslik moet) skryf, maar nie telegramstyl moet gebruik nie.
- Antwoorde moet met ’n hoofletter begin en met ’n punt eindig.
- Leerders moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met ’n normale grootte handskrif.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie. Hierdie keer was daar gelukkig slegs enkele leerders wat dit gedoen het. Herinner hulle asseblief dat dit onnodig en ’n vermorsing van tyd is.

**Oefening 2**

**Vraag 7**

Talle leerders het die vorm goed ingevul.


https://xtremepape.rs/
© 2023

**Vraag 7(i)**

- Die meeste leerders het hierdie punt gekry.
- Enkele het 'Groendal Hoërskool', 'Hoërskool Groendaal' of net 'Groendal' geskryf, en sodoende die punt verbeur.
- Daar was 'n groot getal leerders wat 'Hoërskool' sonder 'n deelteken geskryf het.

**Vraag 7(ii)**

- Slegs enkele leerders het nie die punt gekry nie – hoofsaaklik omdat hulle 'Julie' met 'n kleinletter geskryf het of 'gebore' ná die datum bygevoeg het.

**Vraag 7(iii)**

- Alhoewel die meeste leerders geweet het wat die e-posadres was, het sommige die punt verbeur omdat hulle spasies tussen 'estelle' en 'britz' of voor of ná die aapstert (@) gelaat het.
- Party het verkeerdelik 'gmail' in plaas van 'mymail' geskryf.
- 'n Klein klompie het die persoon se huisadres in plaas van die e-posadres geskryf.

**Vraag 7(iv)**

- Alhoewel talle leerders die eerste punt gekry het deur 'Hokkie' aan te dui, het sommige ook ander opsies aangedui, wat die punt vir 'Hokkie' ongeldig gemaak het.
- Baie leerders het twee punte vir 'Tennis' en 'Basketbal' gekry, maar sommige het nie besef hulle moes twee sportsoorte neerskryf nie.
- Sommige het die punt vir 'basketbal' verbeur deur 'basketbalspan' te skryf, wat nie 'n sportsoort is nie.

**Vraag 7(v)**

- Talle leerders het die twee punte vir 'Joga/Jogaklas' en 'Draf/Pretdraf' gekry.
- Geen punt is toegeken indien antwoorde verkeerd gespel is nie.
- Kort volsinne is aanvaar indien dit in die eerste persoon geskryf is.

**Vraag 7(vi)**

- Ten einde die antwoord logies op die vraag te laat volg, moes leerders verkieslik in 'n volsin antwoord.
- Dit was noodsaaklik om 'Ek' in plaas van 'Sy' of 'Estelle' in die antwoord te gebruik – hulle vul die vorm namens haar in.
- Sommige leerders het die fout begaan om te antwoord 'Ek wil na skool aan individuele sport as spansport deelneem'. Dit het 'n gebrek aan begrip getoon.
- Sommige leerders het die punt verbeur deur hul antwoord te laat begin met 'Omdat ek eendag 'n onderwyseres wil wees en heeldag met mense gaan werk ...'. Dit was 'n voorbeeld van waar die antwoord dan nie logies op die vraag volg nie. Slegs die nodige inligting moet gegee word.

**Algemene kommentaar**

- Leerders moet deurgaans in gedagte hou dat hulle die vorm namens die persoon wat beskryf word, invul. Waar nodig, moet hulle dus in die eerste persoon antwoord.
- Hulle moet herinner word om die hoofletter aan die begin van maand- en straatname duidelik aan te dui.
- Dit is noodsaaklik om adresse en datums korrek neer te skryf, want slegs as dit perfek neergeskryf is, word 'n punt toegeken. Hierdie aktiwiteit toets leerders se vermoë om inligting akkuraat oor te dra.
- Indien leerders veronderstel is om een opsie neer te skryf of af te merk en dan meer as een aandui, verbeur hulle die punt, want dit maak hul antwoord verkeerd.

**Oefening 3**

Die leerders wat goed in hierdie oefening gevaar het, het verstaan wat in elke onderafdeling van hulle verwag is.

**Vraag 8**


https://xtremepape.rs/
© 2023

- Die meeste leerders het twee punte behaal.

**Vraag 9**

- Leerders wat hierdie vraag korrek beantwoord het, het verstaan dat 'gewild' 'n sinoniem vir 'populêr' is.
- Die verkeerde gebruik van voornaamwoorde, soos 'Ons' in plaas van 'Hulle' in '<u>Ons</u> moet dikwels kinders wegwys' het daartoe gelei dat punte verbeur is.
- Dit is noodsaaklik dat leerders se antwoorde sinvol onder die gegewe hofie pas.
- Heelwat leerders het nie volledig genoeg geantwoord nie en sodoende punte verbeur. Daarenteen het heelwat lang sinne direk uit die teks oorgeskryf, wat nie doeltreffend vir die maak van aantekeninge is nie. Hulle moet besef dat hul antwoorde moet toon hulle verstaan die vraag en die antwoord.

**Vraag 10**

- Baie leerders het redelik goed gevaar.
- Leerders wat goed gevaar het, se antwoorde het sinvol onder die gegewe hofie gepas.
- Sommige leerders het 'Dit hou hulle van die strate af', 'Dit hou hulle veilig' en 'Dit hou hulle weg van bendes' by drie kolpunte ingevul, terwyl dit eintlik alles dieselfde punt gedek het – dit hou hulle veilig/van die strate af.
- 'Dit help hulle akademies' is nie aanvaar nie, want hul antwoord moes na <u>buite</u> die skool verwys.
- Weer eens was dit noodsaaklik om voornaamwoorde korrek te gebruik.

**Algemene riglyne**

- Leerders moet onthou dat hulle verkieslik notavorm moet gebruik en geensins volsinne hoef te skryf nie. Antwoorde moet egter genoeg inligting verskaf om sinvol te wees.
- Antwoorde moet sinvol onder die gegewe hofies pas.
- Hulle moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan en inligting kan uitkies.
- Die ander uiterste is ook nie aanvaarbaar nie: Waar dit in **Vraag 8** aanvaarbaar was om byvoorbeeld slegs 'musiekonderwysers' of 'plaaslike musikante' as antwoord te gee, het al die ander antwoorde kort sinne vereis.
- Daar word verwag dat leerders woorde wat in die teks voorkom, korrek oorskryf.
- Voornaamwoorde wat in die teks in die eerste persoon is, moet in die antwoorde in die derde persoon gebruik word.
- Leerders moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit is onnodig om verdere handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk.

**Oefening 4**

**Vraag 11**

- Alhoewel baie leerders die opsomming steeds moeilik vind, het talle daarin geslaag om 'n sinvolle opsomming te maak van die positiewe rol wat die akademie in die gemeenskap speel.
- In die beste antwoorde het leerders:
  - hul antwoorde vir **Vraag 10** as basis gebruik en daarop uitgebrei,
  - spesiale aandag aan hul taalgebruik gegee, en
  - 'n poging aangewend om hul eie woorde te gebruik – dus nie 'n reeks sinne of sinsdele direk uit die teks neergeskryf nie.

**Algemene riglyne**

- Die opsomming benodig nie 'n inleidende sin nie.
- Leerders moet onthou dat hulle sover moontlik hul eie woorde moet gebruik, maar beslis wel woorde/begrippe uit die teks mag gebruik.
- Leerders wie se hele opsomming 'n woordelikse herskryf van sinne en sinsdele uit die teks is, verdien hoogstens een punt. (Kyk na die kriteria in die tabel in die nasienskema.)
- Dit is belangrik dat leerders die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde.


© 2023
https://xtremepape.rs/

**Oefening 5**

**Vraag 12**

- Die vryheid wat die leerders binne die onderwerp gehad het, het tot ’n groot verskeidenheid interessante en dikwels prettige en treffende skryfstukke gelei.
- Die meeste leerders het doeltreffend oor die onderwerp geskryf en die onderafdelings gedek.
- Die leerders wat die beste gevaar het, het:

  - die brief met ’n gepaste **aanhef** begin,
  - die drie onderafdelings in **drie paragrawe** gedek, en
  - met ’n gepaste **slot** geëindig.

- Goeie briewe is verder gekenmerk deur ’n entoesiastiese inslag en ’n redelik informele geselstoon.
- Leerders moet herinner word dat hulle nie hulle adres bo-aan die brief hoef te skryf nie. Heelwat leerders skryf dit wel, maar dit word geïgnoreer.
- Die manier waarop ’n brief begin en eindig – die aanhef en slot – verdien beslis aandag. Veel leerders skryf steeds ‘Liewe Maat/Maatjie’ en ‘Deer/Deur/Dear’ in plaas van ‘Beste’ of ‘Liewe’. Te veel gebruik geen aanhef nie en eindig die brief stomp ná die laaste paragraaf.
- Algemene probleme:

  - Sommige leerders het die woord ‘leerder’ met ‘*leader*/leier’ verwar.
  - Dit was duidelik dat sommige leerders nie verstaan het wat ‘bewonder’ beteken nie – hulle het gedink dis iets waaroor hulle gewonder het.

- Leerders se paragrafering was oor die algemeen redelik goed, maar sommige verstaan nie dat elke paragraaf om ’n hoofidee gebou word nie. ’n Minderheid het die hele brief in een paragraaf geskryf.
- Sommige leerders het nie sinvolle sinne skryf nie, maar paragrawe met ’n hoofletter begin en dan ‘sinne’ van vyf tot tien of twaalf reëls skryf. Die funksie en gebruik van sinne as die boustene van paragrawe benodig steeds aandag.
- Dit was weer duidelik dat die gebruik van hoofletters en leestekens aandag benodig.
- Idiomatiese uitdrukkings: Daar is leerders wat ’n paar bekende idiome (bv. die aap is uit die mou) leer om in hulle skryfstukke te gebruik. Hulle moet herinner word dat dit slegs doeltreffend is as die uitdrukkings natuurlik binne die konteks pas.

Daar was leerders wat oor afknouery geskryf het (byvoordeeld hoe ’n afknouer deur ’n bewonderenswaardige persoon op sy/haar plek gesit is). Dit skep die indruk dat afknouery moontlik ’n probleem in sommige skole is.

**Algemene riglyne**

- Leerders word herinner dat hulle die gegewe drie riglyne in hulle skryfstukke moet dek. Hierdie riglyne kan as die hoofgedagtes van drie paragrawe dien.
- Leerders moet aangemoedig word om reeds in die eerste paragraaf met die onderwerp te begin. Die trefkrag van ’n goeie openingsparagraaf kan nie oorskat word nie.
- Leerders moet herinner word om ongeveer 150 tot 200 woorde te skryf. Te kort skryfstukke gee nie ’n bevredigende beeld van hulle skryfvermoë nie en stel hulle nie in staat om die onderwerp ordentlik te dek nie.
- Dit gebeur gewoonlik dat leerders wat te lank skryf, hulleself penaliseer omdat hulle briewe dan dikwels nie ’n hegte struktuur het nie. Hulle sukkel dan ook dikwels om genoeg tyd vir hulle tweede skryfstuk te beplan.
- Dit is verstandig om reëls tussen paragrawe oop te laat – daar word genoeg ruimte vir die skryfstuk verskaf.
- Behalwe die algemene foute wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet leerders aandag gee aan die gebruik van leestekens (veral die komma voor ‘want’ en ‘maar’ en tussen gesegdes, en die punt aan die einde van sinne), hoofletters (veral aan die begin van ’n sin), en woordorde na voegwoorde soos ‘dat’ en ‘omdat’.
- Engelse woorde en uitdrukkings word geïgnoreer asof die nasiener nie Engels verstaan nie en dit dus nie kan lees nie.
- Die gebruik van kru woorde is onaanvaarbaar.


© 2023
https://xtremepape.rs/

Algemene aspekte wat aandag verdien:

die aanhef: Beste/Liewe Nicky (nie 'Liewe Maat/Maatjie/Vriend' nie)
die slot: Jou vriend/vriendin/maat
Nicky
die skryf van volsinne
die gebruik van hoofletters en leestekens, veral punte en kommas
die skryf van paragrawe
die gebruik van besitlike en persoonlike voornaamwoorde
die woordorde na voegwoorde soos 'dat' en 'omdat'
die verskil tussen 'lewe', 'liewe', 'lief', 'lyf'
die verskil tussen 'wonder' en 'bewonder'
die verskil tussen 'sal' en 'wil'
die verskil tussen 'se' en 'sê'
die verskil tussen 'lyk', 'soos' en 'hou van'
die gebruik van 'toe', 'dan' en 'wanneer'
die gebruik van 'so' in plaas van 'dus'
die gebruik van interessante beskrywende woorde

Vaste uitdrukkings met voorsetsels wat leerders behoort te ken:

iets/iemand maak 'n indruk op jou
beïndruk met iets/iemand
vertel van iets
neem deel aan 'n aktiwiteit
stel belang in iets
skryf oor iets
skryf aan iemand
gesels met iemand
sien uit na iets
bestee geld op/aan
gaan na 'n plek
is trots op
is opgewonde oor
is tevrede met
gee om vir iemand/iets
hou van iets/iemand
is lief vir iets/iemand
bly by die huis
kuier by iemand
is kwaad vir iemand
luister na musiek
kyk na 'n fliek
verlang na iemand

Afrikaanse plekname wat leerders behoort te ken:

Suid-Afrikaanse name soos Suid-Afrika, Kaapstad, Johannesburg
Name van plekke/besienswaardighede soos Tafelberg, Wieg van die Mensdom, Krugerwildtuin, Robbeneiland, Botaniese Tuin
Internasionale plekname soos Londen, Engeland, Parys, Frankryk, Amerika, Kanada

**Oefening 6**

Ter inleiding moet genoem word dat die vrae meestal op so 'n wyse gestel is dat leerders nie sinsdele of sinne uit die teks kon oorskryf om vrae te beantwoord nie. Leerders moes dus die vrae deeglik lees en die teks dan interpreteer om by die regte antwoorde uit te kom en dit reg te formuleer.

**Vraag 13**


© 2023
https://xtremepape.rs/

- In die teks word daar verwys na hoe lank Falko nog gaan aanhou werk, maar die vraag was oor wanneer hy gaan ophou werk. Leerders wat nie die vraag noukeurig gelees het nie, het dus die punt verbeur.
- Leerders wat 'sê' as 'se' gespel het, het die punt verbeur, byvoorbeeld in: 'Falko se hy sal ophou wanneer sy liggaam ingee'.

**Vraag 14**

- Ten einde die punt te behaal moes leerders noem dat Falko foto's verkoop het en toe die geld geskenk het.
- Leerders wat die volgende sin (byna) net so uit die teks neergeskryf het, het die punt verbeur omdat hulle nie die 'ek' na 'hy' verander het nie: 'Na die uitstalling het ek die 20 foto's verkoop en die geld aan armer gemeenskappe geskenk.'
- 'n Volsin-antwoord was nodig. 'n Antwoord soos 'foto's verkoop en geld geskenk' het nie die vraag doeltreffend beantwoord nie.

**Vraag 15**

- Baie leerders het hierdie punt verbeur deur die volgende sin direk uit die teks te skryf: 'Hy skilder deesdae 99 per cent van die tyd net die ikoniese olifante – dikwels in pers, brons, pienk en poeierblou.' Dit is nie as reg aanvaar nie omdat die eerste gedeelte van die sin nie die vraag beantwoord nie – dit het dus die punt vir die korrekte inligting in die laaste gedeelte van die sin ongeldig gemaak.
- Leerders moes slegs noem dat die olifante kleurvol of verskillende kleure was.
- Verskeie leerders het verkeerdelik geantwoord dat Falko gevoel het hy het homself gevind. Die vraag was oor waarom die olifante spesiaal was, nie oor hoe Falko gevoel het toe hy hulle begin verf het nie.

**Vraag 16**

- Leerders wat die punt behaal het, het die sin 'Stem jy nie saam dat daar reeds genoeg hartseer in die wêreld is nie?' as basis gebruik en geantwoord dat daar reeds genoeg hartseer in die wêreld is.

**Vraag 17**

- Die vraag het vir 'n verduideliking gevra, wat beteken Heidi Isaacs se woorde kon nie net neergeskryf word nie.
- Hier was dit weer noodsaaklik om die vraag goed te lees – die vraag was nie oor Heidi Isaacs nie, maar oor wat sy in die gemeenskap waargeneem het.
- Sommige leerders het Heidi Isaacs se naam in die volgende sin raakgesien en toe die sin as antwoord gebruik, wat nie die vraag beantwoord het nie – 'Heidi Isaacs, 'n gemeenskapswerker, verduidelik dat wanneer 'n mens later na Falko se kunswerke terugkeer, jy 'n verskil in die gemeenskap kan sien.'
- Baie leerders het korrek genoem dat Falko se kunswerke toeriste gelok het, maar talle het woordeliks verwys na die finansiële bydrae wat 'n positiewe verskil in hul lewens gemaak het. Indien leerders nie verduidelik het wat hierdie finansiële bydrae of die positiewe verskil was nie, het hulle die punt verbeur omdat hul antwoord nie begrip van die teks getoon het nie.

**Vraag 18**

- Leerders wat die punt behaal het, het genoem dat Falko trots gevoel het of 'n gevoel van eiewaarde ervaar het.
- Dit was nie genoeg om te sê dat Falko besef het hy kon teken nie.

**Vraag 19**

- Leerders moes 'n bewys gee vir die feit dat Falko se ou skool steeds sy werk bewonder en moes dus na die hede verwys (en nie na die muur wat hy as skoolkind geverf het nie).
- In hul antwoord moes leerders na die skool verwys. Hulle moes dit duidelik stel dat die skool/skoolhoof Falko gevra het om al die mure rondom die skool te verf. Hulle kon nie net sê dat Falko gevra is om mure te verf nie.

**Vraag 20**


https://xtremepape.rs/
© 2023

- Leerders moes twee feite noem vir hierdie 2-puntvraag.
- Leerders kon óf noem dat Falko eers nie toestemming gevra het voor hy op iets geverf het nie, maar nou wel toestemming vra, óf hulle kon sê dat hy nou toestemming vra voor hy op iets verf en dat hy nou mense se eiendom respekteer.
- Daar is van leerders verwag om ‘respek/respekteer’ korrek te gebruik en om ‘eiendom’ korrek te spel.

**Algemene kommentaar**

- Leerders moet die regte manlike en vroulike voornaamwoorde met betrekking tot die persone in die teks te gebruik.
- Leerders wat gedeeltes in die eerste persoon direk uit die teks oorskryf, verbeur die punt. By **Vraag 18** sou ’n antwoord soos die volgende geen punt behaal het nie: ‘Ek het op mure begin skilder en aandag getrek, wat my trots laat voel het.’
- Dit is noodsaaklik dat ‘sê/gesê’ reg gespel word.
- In hierdie oefening moet leerders nie in telegramstyl probeer antwoord nie. Dit is nie soos **Oefening 1** en **Oefening 3** waar volsinne nie altyd nodig is nie. Die vrae in hierdie oefening vereis gewoonlik volsin-antwoorde waarin leerders idees volledig moet uitdruk.
- Leerders wat vrae in hul eie woorde beantwoord, toon werklik begrip.
- Leerders moenie verwag dat hulle vrae sal kan beantwoord deur slegs gedeeltes uit die teks neer te skryf nie. Die vrae word op so ’n wyse gestel dat dit nie gedoen kan word nie. Punte word slegs toegeken as die antwoord logies op die vraag volg en die vraag sinvol beantwoord.
- Leerders moet daarop fokus om slegs relevante inligting neer te skryf. Onnodige inligting kan maklik daartoe lei dat antwoorde ongeldig is omdat die vraag dan nie doeltreffend beantwoord word nie.
- Antwoorde moet verkieslik nie met ’n voegwoord begin nie, behalwe in ’n geval soos: Omdat Falko se werk aandag getrek het, het hy trots gevoel.
- Leerders moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met ’n normale grootte handskrif. Hulle moet hul antwoorde beplan sodat dit nie nodig is om verdere handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk nie.
- Antwoorde moet met ’n hoofletter begin en met ’n punt eindig. Veel leerders ignoreer hierdie belangrike skryfkonvensies.

**Oefening 7**

**Vraag 21**

- Hierdie opdrag het vereis dat leerders hul eie gemotiveerde mening gee oor die voorstel dat hoërskole glad nie meer sport aanbied nie.
- Let Wel: Die skryf van ’n doeltreffende inleidende paragraaf verdien steeds aandag – sommige leerders val weg en sê dat hulle dit as ’n goeie/slegte plan beskou sonder om duidelik te stel waarmee hulle saamstem of nie saamstem nie.
- Talle leerders het slegs op die voor- en nadele van sport gefokus in plaas van om op die gegewe voorstel te reageer. Hul punt vir inhoud is hierdeur benadeel.
- Veel leerders het die ses gegewe menings herhaal en kortliks kommentaar op elkeen gelewer, maar nie hul eie reaksie op die voorstel bespreek nie. Dit kan daartoe lei dat die skryfstuk eintlik te kort en dus slegs ‘gedeeltelik relevant’ is omdat tweederdes uit die gegewe aanhalings bestaan.
- Sommige leerders het verkeerdelik slegs een van die ses gegewe uitsprake as onderwerp gekies – dikwels die een oor dat hulle wil kies watter sport hulle doen en wanneer hulle dit doen – en net daaroor geskryf, wat hulle inhoudspunt benadeel het.
- Min leerders het ’n doeltreffende slotparagraaf geskryf – veel berigte het stomp geëindig.
- Ongelukkig het heelwat leerders nie lank genoeg geskryf nie, wat ’n negatiewe uitwerking op hulle punte het omdat hulle die onderwerp dan nie goed genoeg dek nie. Hulle moet onthou dat hierdie skryfstuk heelwat langer as die een in **Oefening 5** is.

**Algemene riglyne**

- Leerders moet aangemoedig word om aandag aan die bou van hul skryfstuk te gee:

  - Begin met ’n doeltreffende inleidende paragraaf waarin hulle reeds hul standpunt oor die onderwerp stel.
  - Die liggaam van die skryfstuk bestaan uit paragrawe wat logies op mekaar volg, met skakelwoorde verbind is en progressief ontwikkel.


https://xtremepape.rs/
© 2023

   - Die slotparagraaf sluit die berig netjies af.

- Dit is wenselik dat reëls tussen paragrawe oopgelaat moet word – daar word genoeg ruimte vir die skryfstuk verskaf.
- Die taalgebruik en register moet by die teikenleser en die opdrag pas.
- Idiomatiese uitdrukkings: Daar is leerders wat een of meer bekende idiome leer om in hulle skryfstukke te gebruik. Leerders moet herinner word dat dit slegs doeltreffend is as die uitdrukkings natuurlik binne die konteks pas.
- Die gebruik van kolomme: Leerders moet asseblief nie in kolomme skryf nie omdat hul werk dan dikwels moeilik leesbaar is.

Nuttige uitdrukkings:

Na my mening ...
Ek is van mening ...
My standpunt is ...
Ek stem saam met ...
Die voordele van hierdie voorstel ...
Die nadele van hierdie voorstel ...
Ten slotte ...

Sien ook die lys uitdrukkings by Oefening 5.


https://xtremepape.rs/
© 2023

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/02**
**Listening**

**Kernboodskappe**

Kandidate behoort:

- inligting wat in verskillende vorms aangebied word te kan verstaan
- feite en menings van mekaar te kan onderskei
- inligting wat relevant is tot die vraag te kan organiseer
- afleidings te kan maak.

**Algemene kommentaar**

- Maak kandidate attent op die skandeerwerk en die elektroniese nasienproses. Hulle moenie met pen oor potloodnotas op die antwoordreël skryf nie. Waar handskrif nie gelees kan word nie, is dit moeilik, of soms selfs onmoontlik, om punte toe te ken.
- Kandidate moenie potloodmerke agterlaat in WAAR/ONWAAR antwoordblokke nie: dit lyk soos twee antwoordkeuses wat uitgeoefen is.
- By **Oefening 1** en **Oefening 2** moet kandidate aangemoedig word om dit duidelik te maak watter opsie hulle gekies het en wat hul finale antwoord is. Dit is belangrik om te beklemtoon dat indien twee blokkies met dieselfde letter/merkie in **Oefening 2** ingevul word, die kandidaat nie die punt sal behaal nie, al is een van daardie antwoorde korrek. Dit is ook die geval in **Oefening 1** indien hulle beide die blokkies waar en onwaar merk.
- In **Oefening 3 en 4** moet vrae in Afrikaans beantwoord word. Enige woorde/sinne in ’n ander taal word geïgnoreer.
- Kandidate moet let op die inhoud van die vraag: ‘Wat doen...’ impliseer ’n handeling/aksie, dus moet daar ’n werkwoord in die kandidaat se antwoord wees. Wees dus versigtig vir eenwoord-antwoorde wat soms te vaag mag oorkom.
- Aan die ander kant moet kandidate ook aangemoedig word om sover moontlik bondige antwoorde te verskaf om onnodige foute te vermy. Die kandidate wat te veel skryf staan die gevaar om hulle antwoord ongeldig te maak deur iets te noem wat nie waar is volgens die teks nie of irrelevant t.o.v. die vraag.
- Hou so veel as moontlik by die bewoording van die teks. Kandidate wat antwoorde te veel probeer verander, dwaal soms te ver af t.o.v. betekenis. ’n Voorbeeld hiervan by **Vraag 15**: Kandidate mag die woord ‘woedend’ in hulle antwoord gebruik en dit word so verkies. Sommige kandidate wou ’n sinoniem vir die woord gebruik en het soms die betekenis as gevolg daarvan verander.
- Onthou hierdie is ’n luistertoets. Daar word gekyk of kandidate kan weergee wat hulle gehoor het. Anders as by leesbegrip hoef hulle nie heeltemal in hulle eie woorde te skryf nie. Hulle moet net die vrae op ’n logiese en verstaanbare manier antwoord.
- Let op die puntetelling. Twee feite moet genoem word om twee punte verdien – het die kandidaat die vraag ten volle beantwoord?
- Kandidate moet slegs hou by wat hulle gehoor het en nie by wat hulle weet nie. Daar moet dus slegs antwoorde uit die teksinhoud kom – selfs al mag dit verkeerd wees volgens die kandidaat se ervaring en opinie.
- Kandidate moet die belangrikheid van die regte gebruik van die enkelvoud-/meervoudsvorm, selfstandige naamwoorde, ens. besef, aangesien dit die basiese betekenis van ’n woord/sin kan verander of die antwoord onwaar maak, bv. ‘niggies/niggie’.
- Wanneer dit kom by die spel van woorde moet die verkeerde spelling nie die betekenis van die woord/sin in twyfel trek nie, bv. ‘kleure’ en ‘klere’.
- Spelling van ’n woord wat ’n homofoon word, word nie aanvaar nie (bv. ‘veld/velt’).
- Kandidate moet ook daaraan herinner word om hul finale antwoorde in die spasies wat op die vraestel voorsien word te skryf.


https://xtremepape.rs/
© 2023

- Verskeie kandidate vind die gebruik van die persoonlike en besitlike voornaamwoorde ‘hy’, ‘sy’ en ‘haar’ verwarrend. Die korrekte voornaamwoorde moet konsekwent gebruik word, anders word punte nie toegeken nie.
- Daar was bewyse van goeie eksamentegniek wat hierdie jaar deur kandidate gebruik is, bv. om die korrekte afleidings uit tekste wat hulle gehoor het te kan maak. In sommige gevalle moet dit egter effektiewer gedoen word, aangesien sommige kandidate geneig is om alle woorde wat hulle hoor neer te skryf en nie genoeg te fokus op wat presies gevra word nie. Hulle antwoorde maak dus nie altyd sin nie.
- Daar was baie gevalle waar handskrif onleesbaar was as gevolg van die oorskryf van woorde/sinne vanaf potlood na pen.
- Leerders sal baat vind by meer blootstelling aan luisteroefeninge wat veral fokus op korrekte grammatikale detail, bv. enkelvoud/meervoud, gebruik van korrekte voornaamwoorde en woordvorme, asook spelling.
- Alhoewel sommige kandidate die korrekte antwoord gehoor het, kon hulle nie altyd die woorde in die korrekte volgorde en vorm waarin hulle dit gehoor het, oorskryf nie. Dit het dikwels veroorsaak dat die betekenis van die woord of die hele sin verander jet. Gevolglik is die antwoord verkeerd gemerk, bv. by **Vraag 20**: ‘Wanneer sy by haar niggies gekuier het’ i.p.v. die korrekte antwoord, ‘Wanneer haar niggies kom kuier het’.
- Dit is ook raadsaam om leerders bloot te stel aan ’n wye woordeskat oor ’n verskeidenheid van onderwerpe en die spelling van woorde te oefen.

Woorde wat problematies was om korrek te spel:

verteer (‘verteur’)
koedoe (‘kudu’)
niggies (‘nugies/nuggies’)
steke (‘stekke’)
skoon (‘skoen’)
brul (‘bril’)
restoureer (‘restureer’)
Spanje (‘Spanye, Spanja, Espanja’)
sê (‘se’)

**<u>Kommentaar op spesifieke vrae</u>**

**Oefening 1: Vrae 1–6**

Hier is geluister na ’n praatjie oor die lewe van ’n vlugdokter. Hierdie eerste oefening is gewoonlik makliker hanteerbaar vir kandidate aangesien hulle nie self woorde hoef neer te skryf nie, maar slegs die regte antwoord moet kies. Hoewel daar slegs twee moontlike antwoorde (Waar of Onwaar) is waaruit gekies moet word, moes kandidate tog baie fyn en noukeurig luister om korrek te antwoord. **Vraag 2**, **3**, **4** en **5** is uitstekend hanteer en was meestal korrek. Sommige kandidate het nie fyn genoeg geluister by **Vraag 1** nie en gedink dat Zino se pa haar gehelp het om die werk te kry wat sy nou doen. Dit was onwaar. **Vraag 6** was meer uitdagend vir die kandidate en hulle moes mooi luister om te hoor dat dit wel waar is dat Zino meer as een keer saam met dieselfde pasiënt vlieg, soos in die geval van die agtjarige seuntjie wat sy eers geneem en weer ’n jaar later gaan haal het. Hierdie is ’n goeie voorbeeld van fyn luister en die regte afleiding maak.

**Oefening 2: Vrae 7–11**

Die kandidate het hierdie jaar veral met **Vrae 7** en **9** gesukkel. **Vraag 7** is baie swak beantwoord en die meeste kandidate het hier verkeerdelik opsie B i.p.v. D gekies. Hulle moes besef dat Anina en haar pa die bakkie in hulle buurt sien staan het en nie by hulle bure nie. Kandidate moes dus baie mooi luister om die verskeie afleiers te kon elimineer om by die regte antwoord uit te kom.

**Oefening 3: Vrae 12–19**

Aangesien kandidate hier die antwoorde self moet neerskryf, speel skryfvermoë en spelling ’n belangrike rol.

**Vraag 12** is meestal korrek beantwoord en kandidate kon skryf dat Darren gehelp het om koeie te melk. Daar was kandidate wat verkeerdelik ‘koeie merk’ geskryf het. ‘Koeie’ was ook nie altyd reg gespel nie.


https://xtremepape.rs/
© 2023

By **Vraag 13** was slegs die een woord 'jagluiperds' nodig om die punt te verdien. Sommige kandidate het verkeerdelik 'leeus' geskryf. Kandidate het soms 'jagluiperdsentrum' neergeskryf wat natuurlik verkeerd is, aangesien dit nie die vraag beantwoord nie.

**Vraag 14**: Hier kon 'n groot aantal kandidate 'verteer' nie korrek spel nie. Al mag die antwoorde in notavorm wees, was dit nie genoeg om net die woorde 'kos verteer' neer te skryf nie, want dit beantwoord nie die vraag nie. Dit was dus nodig om iets soos 'sukkel om/kan nie kos verteer nie' te skryf.

**Vraag 15** was goed hanteer en die meeste kandidate het geskryf dat Darren woedend raak.

**Vraag 16**: Baie kandidate het met hierdie vraag gesukkel, omdat hulle nie die Afrikaanse woord 'koedoe' kon spel nie.

**Vraag 17** is deur die meeste kandidate goed hanteer en hulle kon skryf dat die diere terug veld toe moes gaan.

**Vraag 18**: By hierdie vraag moes die kandidate spesifiek noem dat hulle die brul van die leeus geniet en kon dus nie slegs 'die leeus' skryf nie, aangesien dit die antwoord dan te vaag gemaak het.

**Vraag 19:** Hierdie vraag is redelik hanteer. Kandidate het soms verkeerdelik gehoor dat Darren diere se lewensverhaal wil verbeter in plaas van hulle lewensgehalte.

**Oefening 4: Vrae 20–26**

Kandidate moet langer antwoorde (frase of 'n sin) skryf in antwoord op oop vrae. Vrae is dus nie veronderstel om in slegs een woord beantwoord te word nie. Sommige inligting moes ook uit die teks afgelei word.

By **Vraag 20** was dit belangrik dat kandidate noem dat Carina Barbie kon speel wanneer haar niggies kom kuier het. Sommige kandidate het met die voornaamwoorde deurmekaar geraak en soms 'Wanneer sy niggies kom kuier het' geskryf. Hulle het ook gesukkel met die spelling van 'niggies'.

**Vraag 21** was redelik hanteer en die meeste kandidate kon skryf dat sy kinderklere brei. Sommige kandidate het geskryf dat sy klere maak en ook gesukkel met die spel van 'brei' en 'klere' ('bry/kleure').

By **Vraag 22** was daar van kandidate verwag om twee dinge te noem. Kandidate kon dit meestal regkry om te skryf dat Karina die pop eers moet skoonmaak en daarna restoureer. 'n Probleem het soms ingekom met die spel van 'restoureer'.

By **Vraag 23** moes die kandidate slegs te noem dat sy die ou hare moes verwyder en nuwe hare vaswerk. 'Verwyder' is soms geskryf as 'verwuider'. Sommige kandidate het hier geskryf 'Was die pop se hare', wat natuurlik verkeerd was.

**Vraag 24** is deur die meeste kandidate goed hanteer. Die meeste het geskryf dat sy die poppe verkoop en weggee. Sommige kandidate het egter verkeerdelik gesê dat sy die poppe in die wendyhuise sit. Dit is die kandidaat se eie afleiding en beantwoord nie die spesifieke vraag nie.

**Vraag 25**: Swakker kandidate het gesukkel met hierdie vraag. Hulle was onseker wat hulle hier moes antwoord en kon nie die woord 'sitplekgordel' verstaan of neerskryf nie. Baie kandidate het hier geantwoord dat Karina eers die poppe aantrek voor sy hulle in die motor saamneem. Dit word nie in die teks genoem nie, dus kon die antwoord nie aanvaar word nie.

**Vraag 26**: 'Dit is haar oudste pop' is verkeerd en het as 'n afleier gedien. Die meeste kandidate het hier ook gesukkel om 'Spanje' korrek te skryf. Hulle het wel meestal 'n punt verdien vir 'Die pop is oor die honderd jaar oud', maar baie kandidate het verkeerdelik geskryf dat die pop slegs honderd jaar oud was en kon dus nie die punt verdien nie.

Wenke:

- Luister deur die jaar na die radio en oefen met vorige Cambridge luistervraestelle. Kandidate móét Afrikaans gereeld hoor en praat.


https://xtremepape.rs/
© 2023

- Kandidate moet bewus wees van die klank en spelling van klinkers en diftonge soos y, ei, ui, eu, oe en ie.
- Klasoefeninge kan opgestel word wat fokus op die spelling (betekenis) van afsonderlike woorde. Speel bv. ’n opname van iemand wat ’n teks voorlees en identifiseer uitdagende woorde. Vra kandidate om neer te skryf wat hulle dink hulle gehoor het. Vergelyk kandidate se antwoorde en gee terugvoering met die boodskap dat kennis, ondervinding en logika ’n rol speel.
- Dit kom voor asof sommige kandidate se aandag soms afdwaal terwyl hulle moet luister. Hulle moet oefen om te konsentreer gedurende die hele opname.


https://xtremepape.rs/
© 2023

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/05**
**Oral**

**Key messages**

To do well in this examination, candidates should:

- be prepared to engage in a spontaneous discussion on any selected topic
- take the initiative to display their competency in the target language.

**General comments**

- Most of the recordings were of a good quality.
- Examiners kept to the time limit reasonably well.
- Examiners generally put the candidates at ease and prompted the candidates well with appropriate questions to keep the conversation flowing in relation to the topics.
- Many of the better candidates expanded on the given ideas and voiced their own opinions.

**Comments on specific issues**

- In a small number of cases the selected card did not seem to fit the candidate's interests or experience which put them at a disadvantage.
- Examiners should choose the cards based on the warm-up input and not allow the candidates to choose the role-play cards themselves.
- Examiners should follow guidelines 2 and 15 in the Teachers' Notes to safeguard the quality of the recordings.


https://xtremepape.rs/
© 2023